Laerskool Totius
Bostonstraat BELLVILLE 7530
Tel: 021 – 948 3944
E-pos: cvandermerwe@totius.co.za

21 Oktober 2025

Geagte Ouer/Voog

**FINANSIES: 2026**

Tydens die Algemene Jaarvergadering gehou op Donderdag, 16 Oktober 2025, is die Begroting en die skoolfondsbetaling vir 2026 aan die teenwoordige ouers voorgelê. Hulle was so volledig moontlik ingelig oor die faktore wat bepalend is in die samestelling van die skoolbegroting.

*Die voorgelegde resolusies vir die 2026 begroting is aanvaar en goedgekeur:*

1. Skoolfonds is 'n **statutêre verpligting en is vooruitbetaalbaar** op 1 Januarie 2026 vir die skooljaar. Dit word bepaal volgens die totale getal skooldae vir die skooljaar, m.a.w. skoolvakansies uitgesluit. Die skoolfonds sal in 10 gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober teen u rekening gedebiteer word.

2. Leerderinstappies vir graad RR en leerderuitstappies vir graad R tot graad 3 word by die begroting ingesluit en vorm deel van die skoolfondsbedrag hieronder aangedui, met geen addisionele koste vir ouer(s) nie.

3. Kampe vir graad 4 tot 7: vervoerkoste van **R150 per leerder** sal betaalbaar wees, met geen verdere addisionele koste vir die ouer(s) nie.

4. **Robotika:** Alle graad R tot graad 7 leerders sal onderrig ontvang.

5. Vanaf 2026 sal al die grade vanaf graad RR tot graad 7 dieselfde skoolfonds betaal.

6. **SKOOLFONDS PER GRAAD PER LEERDER EN DIE 3 BETALINGSOPSIES BESKIKBAAR:**

| **Graad** | **Skoolfonds 2026** | **Opsie 1:** 8% Korting toegestaan vir eenmalige betaling voor of op 31 Desember 2025 | **Opsie 2:** Debietorder 10 maande vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober | **Opsie 3:** Internetbetaling 10 maande vanaf 1 Januarie tot 7 Oktober |
|---|---|---|---|---|
| **Graad RR tot 7** | R23 360.00 | R21 491.20 | R2 336.00 | R2 336.00 |

7. **VOORSORG:**
'n Voorsorgdiens is vanaf 06:30 tot 07:15 beskikbaar teen 'n koste van R2 200.00 per jaar vooruitbetaalbaar in 10 gelyke paaiemente van R220.00 per maand vanaf 1 Januarie 2026 tot 1 Oktober 2026.

8. **NASKOOLSORG:**
Die nasorgtarief word bepaal volgens die totale getal skooldae vir die skooljaar, m.a.w. skoolvakansies uitgesluit. Die nasorg sal in 10 gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober teen u rekening gedebiteer word. Voedsel word voorsien. Naskoolsorg kwalifiseer nie vir verminderde betaling nie en geen korting word hier toegestaan nie. **Indien u in 2026 van die naskoolsorg gebruik wil maak of meer inligting verlang, kan u 'n e-pos stuur aan nasorg@totius.co.za.**

*Vanaf 2026 sal slegs die volgende dienste beskikbaar wees:*

| | |
|---|---|
| Voldag tot 17:30: alle grade | R16 500.00 teen R1 650.00 per maand |
| Halfdag tot 14:00: slegs vir graad RR tot 2 leerders | R14 000.00 teen R1 400.00 per maand |
| Dagbesoeker: | R95 per dag |

*Waar 'n nuwe leerder gedurende die jaar inkom, sal die bedrag verskuldig vir skoolfonds en/of naskoolsorg en/of voorsorg bereken word in ooreenstemming met die oorblywende skoolweke/dae wat 'n leerder Laerskool Totius sal bywoon.*

9. **VRYSTELLING/VERMINDERING VAN BETALING VAN SKOOLFONDS DEUR OUERS/VOOGDE:**
'n Ouer/aanneemouer/voog wat van die betaling van skoolfonds vir elke individuele kind vrygestel wil word, of in aanmerking wil kom vir 'n verminderde betaling, moet skriftelik by die Voorsitter van die Beheerliggaam aansoek doen. Dui op die finansiële onderneming onder die Ja/Nee blokkies (punt 4) aan indien u vir vermindering wil aansoek doen. Die Finansiële Beampte sal dan die nodige inligting aan u e-pos. **U bly aanspreeklik vir skoolfondsbetaling totdat u skriftelik deur die Beheerliggaam in kennis gestel word van die uitslag van u aansoek. Let daarop dat geen aansoek om vermindering/vrystelling van skoolfonds vir graad RR gedoen kan word nie.**

10. Die aanstelling van addisionele personeel asook die betaling aan staatsdienswerknemers ingevolge Art. 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet word goedgekeur.

**<u>BELANGRIK:</u>**

11. Die finansiële onderneming sal nog in die week saam met u oudste/enigste leerder huistoe gestuur word. **Albei ouers moet bladsy 2 onder-aan onderteken om te bevestig dat die skool u ingelig het wat die jaarlikse skoolfonds beloop en wat die prosedure is indien u vir vermindering wil aansoek doen.** Stuur die vorm, saam met die voltooide debietordermagtiging (indien van toepassing), terug na die skool toe voor of op **29 Oktober 2025**.

**Bankbesonderhede:**
ABSA Bank: Laerskool Totius
ABSA Takkode: 632005
Tjekrekening: 01024181975
Verw: Rekeningnommer onderaan staat

Die uwe

..........................................
**H. BESTER**
**SKOOLHOOF**